17 Augustus 2006

Beste kollegas en studente

Ons is verby die halfpadmerk van 2006 en ek voel ons het rede om trots te wees op die eerste halfjaar se prestasies. Ons Institusionele Plan is oplaas goedgekeur deur die Minister, die implementering van die Statuut is so te sê afgehandel en ons het formeel begin met die proses van programbelyning. In die konteks van die samesmelting verteenwoordig hierdie mylpale die finale fase van die samesmeltingsproses. Die Hoë ronderwyskwaliteitskomitee se institusionele oudit van die NWU (wat vir 2008 geskeduleer is) kom nou vinnig nader en ons is reeds besig met voorbereidings. En, terwyl ons met dit alles besig is, gaan die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid volstoom voort.

Hierdie nuusbrief fokus onder andere op hierdie aspekte:

1. Institusionele Plan

Die Minister Van Onderwys het aangedui dat sy ons **Institusionele Plan** onder oë gehad het en dat sy "tevrede is met die stappe wat deur die Universiteit geneem is om lewensvatbare en volhoubare uitkomste vir die nuwe instelling te verseker." Sy het egter `n klompie vrae geopper wat hanteer sal word tydens die jaarlikse hersieningsiklus in September en Oktober, en wat in November 2006 deur die Raad gefinaliseer sal word.

2. Implementering van die Statuut

Wat die implementering van die Statuut betref, moes alle strukture teen 8 Augustus 2006 aan die Statuut voldoen, wat onder ander beteken het dat nuwe Raadsverteenwoordigers van die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Donateurs reeds vóór daardie datum verkies moes word. Hierdie prosesse is nou afgehandel en die uitkoms is soos volg:

2.1 Die Senaat

Die Senaat is behoorlik saamgestel op 10 Mei 2006, en op 1 Augustus 2006 is volgende persone tot die Raad verkies:

Prof. A le R du Plooy
Prof. NL Mahao
Prof. TC Rabali
Prof. F Venter

2.2 Die Raad van Donateurs

Ooreenkomstig die reëls het die Raad 62 maatskappye/instellings as donateurs van die NWU erken (insluitende die NWU Stigting wat deur die Raad erken word as ŉ "donateur *in natura*"). ŉ Konstitueringsvergadering van die donateurs van die NWU is op 24 Julie 2006 gehou. Die NWU Raad van Donateurs is op die vergadering soos volg saamgestel:

ABSA, Willie van Zyl
Dagbreek Trust, Carools Reinecke
DM Kisch Ingelyf, Andre van der Merwe
Engen, Zukiswa Mpati
Eskom, Sam Tshabalala
Eerste Nasionale Bank, Peet van der Walt (Voorsitter)
Mittal SA, Carol Ferguson
MKBR, Thabang Makubire
SASOL, Chris Reinecke
Telkom SA, Stephen Fourie
Gekoöpteer, Die NWU Stigting (*in natura*), Polly Modiko
NWU, Theuns Eloff, Visekanselier (ex officio)
NWU, Johan Rost, Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite (ex officio)
NWU, Mickey Gordon, Institusionele Direkteur: Fondswerwing

Die Raad van Donateurs het die volgende persone uit die geledere van die donateurs verkies om in die Raad te dien:

Mnr Thabang Makubire, MKBR
Dr Chris Reinecke, SASOL
Mnr Peet van der Walt, FNB
Dr Johan van Zyl, Albert Wessels Trust/Toyota

2.3 Die Konvokasie

Na afloop van'n proses soos bepaal deur die Tussentydse Uitvoerende Komitee van die Konvokasie, het die Konvokasie die volgende persone verkies om in die Raad te dien:

Mnr Flip Buys
Adv. Jan Henning SC
Me Laetitia van Dyk
Dr. Fritz Kok

Weens hierdie prosesse het sewe Raadslede se lidmaatskap van die Raad tot 'n einde gekom - ook die lidmaatskap van die Voorsitter, mnr Litha Nyhonyha. Die Ondervoorsitter vervul tans die pligte van die Voorsitter van die Raad, en die Uitvoerende Komitee is besig om die opsies te oorweeg om die uittredende lede op 'n gepaste manier te bedank.

Namens die Bestuur wil ek graag die uittredende Raadslede bedank vir hul toewyding gedurende die oorgangstydperk.

3. Akademiese belyning

Die laaste belangrike fase van die samesmelting-integrasieproses is die proses van akademiese belyning. Die konstituerende vergaderings van die "CAR`s" (groepe akademici wat die koördinering, belyning en rasionalisering van akademiese programme bespreek) het plaasgevind op 11 Augustus 2006. Die belangrikste besluit wat op die vergadering geneem is, was die aanwys van `n sameroeper sowel as 'n verteenwoordigende reëlingskomitee vir elke CAR. Die volgende CAR`s is tot stand gebring:

3.1 CAR: Ekonomiese en Bestuurwetenskappe:

Prof. LJ Jansen van Rensburg (Sameroeper); me FP Lembede (Mafikengkampus); Prof. SJ van der Merwe (Potchefstroomkampus); Prof. Christo van Wyk (Vaaldriehoekkampus).

3.2 CAR: Opvoedingswetenskappe

Prof. E Mentz (Sameroeper/Potchefstroomkampus); Prof. EJ Spamer (Mafikengkampus) en Prof. LM Vermeulen (Vaaldriehoekkampus)

3.3 CAR: Geesteswetenskappe:

Mnr MQ Temane (Sameroeper); dr. R Manyane (Mafikengkampus); Prof. PJ Schutte (Potchefstroomkampus) en dr. JL Kruger/Prof. TC Rabali (Vaaldriehoekkampus).

3.4 CAR: Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie:

Prof. JJ Pienaar (Sameroeper); me MA Rakhudu (Mafikengkampus); Prof CJ van Wyk (Potchefstroomkampus); Prof. DB Jordaan (Vaaldriehoekkampus).

Elkeen van hierdie CAR`s sal nou fokus op die totstandbrenging van kleiner onderafdelings waar die eintlike gedetailleerde programbelyningsbesprekings gehou sal word.

4. Onrus op die Mafikengkampus

Daar was ongelukkig onrus op die Mafikengkampus.

Gelei deur die Personeelvereniging het sommige personeellede hulle op Maandag 7 Augustus 2006 tot onbeskermde arbeidsoptrede gewend.

Die Bestuur het ŉ memorandum aan die Personeelvereniging oorhandig en daarop gewys dat die arbeidsoptrede onbeskermd was en dat die Unie en sy amptenare ingevolge die Erkenningsooreenkoms verplig was om die lede te oortuig om terug te keer werk toe.

ŉ Beleid van "geen werk, geen betaling" is geïmplementeer, en die Bestuur oorweeg tans spesifieke dissiplinêre optrede teen sekere personeellede wat betrokke was. Gelukkig het baie min personeellede uiteindelik aan die staking deelgeneem. Daar is ongelukkig aan die studente gesê dat klasse nie sou voortgaan nie, wat tot gevolg gehad het dat hulle nie opgedaag het vir klas nie.

Hierdie optrede was onnodig en stel ons Universiteit weereens in ŉ swak lig. Die Mafikengkampus spesifiek word ook in die media uitgebeeld as " ŉ onstabiele kampus waar goeie onderrig ŉ saak van onmoontlikheid is". Ons sal hard moet werk om hierdie situasie om te draai...

5. HOKK Institusionele Oudit

Dit is teen dié tyd ŉ welbekende feit dat die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK) in Augustus 2008 ŉ institusionele oudit op die Universiteit sal uitvoer. Die Universiteit moet ŉ voorgeskrewe portefeulje voorberei wat dan in April 2008 aan die HOKK beskikbaar gestel moet word. Ons het besluit om die voorbereidingsproses vir die oudit via die Institusionele Kwaliteitsdirektoraat onder leiding van die Adjunkhoof, dr. Ngoato Takalo, te bestuur. Die proses sal ondersteun word met projekbestuursdissipline deur dr. Maarten Venter en die Institusionele Projekkantoor.

Ons beplan om verskeie personeellede te betrek - hetsy as taakspanlede óf deur inligtingsverspreidingsaktiwiteite. Almal sal betyds van sulke aktiwiteite in kennis gestel word. Die projek het afgeskop met inligtingsessies vir spanleiers van 15 taakspanne. Dit sal opgevolg word deur konstituering van die taakspanne en die deel van inligting oor die skepping van die portefeulje met hulle. Ons sal julle op hoogte hou van hoe die projek vorder.

6. Internasionalisering

As deel van ŉ strategie om ons internasionale aansien te verbeter, sal Prof. Deian Hopkin, Visekanselier van die London South Bank University (LSBU) en dr. Edward Tinley, Hoof van Navorsing en Beigheidsontwikkeling, die Noordwes-Universiteit in die week van 21-27 Augustus besoek. Ons sal ŉ memorandum van verstandhouding onderteken waarin daar ŉ proses uiteengesit sal word om geleenthede te bevorder en te skep op gebiede soos die uitruil van akademiese en administratiewe personeel en studente, samewerking met navorsingsprojekte en wat betref akademiese, administratiewe en kurrikulumsake, gesementlike gebeurtenisse en konferensies, en kulturele uitruilprogramme.

Ons beplan om in Oktober vanjaar ŉ omvattende samewerkingsooreenkoms in Londen te onderteken.

7. VSR-verkiesings

Twee van die kampusse het hul VSR-verskiesing afgehandel en die derde kampus se verkiesing moet voor die einde van die maand plaasvind. (Al die name sal teen die einde van die maand bekend gemaak word).

8. Sport-nóg ŉ mylpaal

ŉ Interkampussokkerspan het onlangs deelgeneem aan die jaarlikse intervarsity tussen die Potchefstroomkampus en die Universiteit van die Vrystaat. Dit is nog ŉ mylpaal op pad na eenheid.

Soos altyd wil ek hulde bring aan daardie personeellede wat bereid was om ook die "tweede myl" saam te loop om die eerste helfte van 2006 ŉ sukses te maak. Jul insette gaan nie ongemerk verby nie. Julle is die ware helde in ons stryd om van die samesmelting ŉ sukses te maak!

Theuns Eloff - Visekanselier